

6

WAAR HET GOD MET MY BEGIN?

Die verbond en die geskiedenis

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God hulle geken het nog voordat hulle gebore is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dat God hulle oneindig liefhet;
- God se liefde begin al voor ons geboorte; en
- God het ons al in Abraham se tyd gekies.

Gesindheid

Die kinders moet bly wees oor God se verhouding met hulle.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om vir hulle ouers te gaan vertel hoekom hulle bly is dat God hulle al voor hulle geboorte geken het.

MEER INLIGTING (Psalm 139: 13-18)

Wanneer jy iets maak, word dit nie eers joune as jy dit klaar gemaak het nie. Dit behoort alreeds aan jou terwyl jy dit nog maak. Jy sien elke dag hoe dit vorm aanneem en hoe dit besig is om te word wat jy wil hê dit moet wees. Dit is reeds joune, en jy pas dit alreeds op.

Net so word ek nie God s'n eers wanneer ek gebore word nie. God word nie vir my lief eers na my geboorte nie. Nog voordat ek gebore word, behoort ek reeds aan Hom, is Hy reeds vir my oneindig lief en ken Hy my alreeds. Dit het baie lank gelede al begin. In Les 1 het ons geleer: Omdat God vir Abraham gesê het dat Hy vir sy kinders en ook vir al die geslagte van die wêreld sal sorg, kan ons weet dat God ook vir ons sorg en dat ons aan Hom behoort. Net soos wat Hy aan Abraham belowe het dat Hy vir hom sal sorg, belowe Hy ons dat Hy vir ons sal sorg. Dit doen God omdat Hy vir ons lief is en nie omdat enige iemand Hom dwing om dit te doen nie.

In Psalm 139 sê die psalmdigter dat Hy die Here wil loof omdat Hy hom op 'n baie spesiale manier gemaak het. Ons kan net soos hierdie psalmdigter ook sê dat ons die Here wil loof, want Hy het ons ook op 'n wonderlike manier gemaak. Omdat God baie lank gelede reeds met Abraham 'n verbond gesluit het en die belofte gemaak het dat Hy ons altyd sal versorg, sien ons in hierdie psalm ook hoe kosbaar ons vir God is. God het ons gesien toe niemand anders ons nog gesien het nie. Hy het ons geken toe niemand anders ons nog geken het nie. Hy het geweet hoe ons gaan wees en hoe ons gaan lyk nog voordat enige iemand anders ons geken het. God was die eerste wat ons geken het, Hy was die **eerste** wat ons liefgehad het. Hy het ons al liefgehad nog voordat enige iemand geweet het ons gaan gebore word. Van almal wat jou ken, ken God jou al die langste.

Daarom kan ons met alles wat ons pla en alles waaroor ons bly is na God toe gaan en dit vir Hom vertel. Ons hoef nie bang te wees dat Hy nie gaan verstaan, of nie gaan weet hoekom ons bang of bekommerd of bly is nie. Hy ken ons beter as wat enige iemand ons ken. Daarom gaan Hy ons ook beter kan help as wat enige iemand anders ons sal kan help.

Daarom moet ons Hom loof. God het nie gewag om eers te sien hoe ek lyk of om eers te hoor wat my naam is voordat Hy besluit het ek behoort aan Hom nie. Hierdie dinge is nie vir God belangrik nie. Wat vir God belangrik is, is dat Hy my liefhet, maar ook dat ek Hom sal prys en liefhê. Hy het lankal reeds vir ons gekies. Hy wil hê dat ons ook vir Hom sal kies en Hom sal dien.

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.
- Voorbeeld van 'n sonarfoto.

KOM ONS BEGIN

Open met die volgende woorde uit Psalm 139:

Here, U sien dwarsdeur my,

U ken my.

²*Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit,*

U ken my gedagtes

nog voordat hulle by my opkom.

¹⁴*Ek wil U loof,*

want U het my

op 'n wonderbaarlike wyse geskep.

Dit weet ek seker:

¹⁵*geen been van my was vir U verborge*

toe ek gevorm is

waar niemand dit kon sien nie,

toe ek aanmeakaargeweef is

diep in die moederskoot.

²³*Deurgrond my, o God,*

deurgrond my hart,

ondersoek my, sien tog my onrus raak.

²⁴Kyk of ek nie

op die verkeerde pad is nie
en lei my op die beproefde pad! Amen.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat van die kinders wys wat hulle vir 'n vriend op die selfoon in hulle boeke geskryf het oor hoe hulle dankbaar moet lewe oor wat God vir hulle doen.
- Laat hulle die volgende vrae beantwoord:
 - Wat beteken dit om jouself te verloën? *Om jouself te verloën, beteken om nie te dink dat jy die belangrikste is nie, maar om te weet dat God die belangrikste en ander mense net so belangrik soos jyself is.*
 - Wat beteken dit om jou kruis op te neem of te dra? *Ons dra ons kruis wanneer ons eerder doen wat God van ons vra as dit wat mense van ons vra, al moet ons swaarkry as gevolg daarvan.*
 - Hoe leef iemand wat vir Jesus volg? *Ons volg Jesus as ons maak soos Hy sou maak.*
 - Hoekom wil ons God se kinders wees? *Dit maak ons gelukkig.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Voordat ek iemand my vriend sal noem, sal ek hom eers goed wil leer ken. God maak anders met my. Ek is God se kind. Hy het besluit dat ek sy kind is nog voordat ek gebore is, voordat enigiemand geweet het hoe ek gaan lyk of wat my naam gaan wees. Wat meer is, God het nie net besluit dat ek sy kind is nie, maar dat Hy my ook al liefgehad het voordat ek gebore is.

IETS INTERESSANT

Gaan die gegewens by MEER INLIGTING deeglik deur en dra dit aan die kinders oor. Gebruik die volgende kerninhoud:

- Wanneer jy iets maak, behoort dit alreeds aan jou terwyl jy dit nog maak.
- Ons is God s'n selfs voor ons gebore word.
- Voordat ek gebore word, is God reeds vir my oneindig lief en ken Hy my alreeds.
- Dit het baie lank gelede al begin toe God vir Abraham gesê het dat selfs ons ook aan Hom behoort.
- Ons kan net soos Psalm 139 se digter ook sê dat ons die Here wil loof, want Hy het ons ook op 'n wonderlike manier gemaak.
- God het ons gesien, geken en geweet hoe ons gaan wees toe niemand anders ons nog gesien het nie.
- God was die eerste wat ons geken en liefgehad het.
- Van almal wat jou ken, ken God jou al die langste.
- Ons kan met alles wat ons pla en alles waaroor ons bly is, na God toe gaan en dit vir Hom vertel.
- Ons moet God loof, dank en prys omdat Hy ons uitgekies het.

IETS BELANGRIK

Laat hulle Psalm 139: 14a in hulle Bybels opsoek, in hulle boeke neerskryf en memoriseer. Vra van die kinders om dit op te sê.

Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep...

Skerp die volgende weer in:

- Voordat ek gebore word, is God reeds vir my oneindig lief en ken Hy my alreeds.
- Dit het baie lank gelede al begin toe God vir Abraham gesê het dat selfs ons ook aan Hom behoort.
- God het ons gesien, geken, geweet hoe ons gaan wees toe niemand anders ons nog gesien het nie.
- Ons kan met alles wat ons pla en alles waaroor ons bly is, na God toe gaan en dit vir Hom vertel.
- Ons moet Hom loof, dank en prys.

IETS OM TE DOEN

Lees onderstaande en gee kinders om die beurt geleentheid om die regte antwoord by elk van die volgende te gee en dan in hulle boeke te merk met X:

- Van wanneer af ken God ons?

Toe ons gebore is	Nog voordat ons gebore is	Toe ons die eerste dag kerk toe is
-------------------	----------------------------------	------------------------------------

- Waarom wil die psalmdigter die Here loof?

Die Here het hom op 'n spesiale manier gemaak	God gee soms vir hom wat hy nodig het	God ken die psalmdigter se pa en ma
--	---------------------------------------	-------------------------------------

- Wie het ons eerste geken en liefgehad?

God	My pa en ma	Die lidmate van ons gemeente
------------	-------------	------------------------------

- Waarom kan ons vir God alles vertel wat ons pla en wat ons blymaak?

Ons verdien dit	God ken ons en wil hê dat ons hierdie dinge vir Hom moet vertel	Ons is lidmate van die kerk
-----------------	--	-----------------------------

- Aan wie behoort ons in die eerste plek?

Aan ons ouers	Aan die kerk	Aan God
---------------	--------------	----------------

- Wat beteken dit vir ons dat ons aan God behoort?

Ons sal altyd alles hê wat ons graag wil hê	Ons is belangrike mense	God sal vir ons gee wat Hy dink ons nodig het
---	-------------------------	--

- Wie het besluit dat ons aan God behoort?

God self het so besluit	Die kerk het so besluit	Ons het self so besluit
--------------------------------	-------------------------	-------------------------

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat hulle hulle ouers gaan vra om hulle eerste sonarfoto vir hulle te wys as hulle kan. Laat hulle afskrifte maak en dit in hulle boeke plak. Laat hulle daarby skryf dat God hulle al liefgehad het voordat enige iemand nog geweet het hoe hulle gaan lyk.
- Die kinders moet in staat wees om vir hulle ouers te gaan vertel hoekom hulle bly is dat God hulle voor hulle geboorte al geken het.

LEER

Laat hulle die volgende gaan leer:

- God het my liefgehad nog voordat ek gebore is.
- God het ons eerste geken voor enige iemand anders.
- Voordat ek gebore is, het God my al geken en het ek aan Hom behoort.
- Wanneer ek bang en bekommerd is, weet ek dat God nog steeds vir my omgee.
- God ken my beter as enige iemand. Ek kan selfs my vrese met Hom bespreek.
- Ek is bly dat God my reeds voor my geboorte geken het. Nou weet ek dit is Hy wat my van toe af liefhet, en daarom kan ek Hom nou nog vertrou.

BELANGRIK VIR DIE KATEGREET

- Laat hulle met hulle ouers reël om volgende week saam klas toe te kom.
- Reël met 'n spesifieke ouderling wat goed kan praat om volgende week se klas by te woon, en voorsien hom of haar van die gedeelte IETS OM TE DOEN, wat hy of sy moet aanbied.
- Reël met 'n ouer wat bevoeg is om dit te doen, om volgende week die gedeelte by MEER INLIGTING aan te bied.

AFSLUITING

Sluit af met die gebed uit Psalm 139: 1 in die Liedboek:

*O Here, U ken my volkome,
U sien tot in my wesensgrond.
U toets my hart, lees my gedagte
voor daar 'n woord kom uit my mond.
Waar ek my ook al wend of keer,
U is voortdurend by my, Heer. Amen.*